

LUG U MENING

Hersiene Fiskale Raamwerk en Inkomstevoorstelle vir 2026 (Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring) [MTBBV].

Ooproep om openbare voorleggings en kommentaar

Die Staande Komitee oor Finansies en die Gekose Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om voorleggings in te dien oor die Hersiene Fiskale Raamwerk en Inkomstevoorstelle vir 2026 wat op 21 Oktober 2026 saam met die MTBBV in die Parlement ter tafel gelê sal word.

Die Minister van Finansies sal die MTBBV vir 2026 op 21 Oktober 2026 in ooreenstemming met artikel 28 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, WOFB, No 1 of 1999, voor die Parlement ter tafel lê. Dit vereis dat die Minister jaarliks veeljarige begrotingsvooruitskattings vir inkomste en uitgawes, asook die vernaamste makro-ekonomiese vooruitskattings ter tafel lê. Die Minister sal ook aan sy verpligting voldoen ingevolge artikel 6(1) van die Wet op die Wysigingsprosedure vir Geldwetsontwerpe en Verwante Aangeleenthede, No 9 van 2009, wat vereis dat die Minister die MTBBV aan die Parlement voorlê.

Openbare verhore sal virtueel op Woensdag, 28 Oktober 2026 gehou word.

Skriftelike voorleggings, tesame met 'n aanduiding of u 'n mondelinge voorlegging wil lewer, moet teen 12:00 op Maandag, 26 Oktober 2026 ontvang word.

Voorleggings moet gerig word aan die komiteesekretaris, mnr Allen Wicomb, Staande Komitee oor Finansies, me Lwazikazi Ntinzi, Staande Komitee oor Finansies, en mnr Nkululeko Mangweni, Gekose Komitee oor Finansies, 3^{de} Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000 of per e-pos aan awicomb@parliament.gov.za / Intinzi@parliament.gov.za en nmangweni@parliament.gov.za of per sel na 071 363 2349 of 061 438 9448 of per faks na 021 403 3942.

Afskrifte van die MTBBV vir 2026 sal op 21 Oktober 2026 op die webwerf van die Nasionale Tesourie by www.treasury.gov.za beskikbaar wees.

Uitgereik deur agb M J Maswanganyi, LP, Voorsitter: Staande Komitee oor Finansies, Nasionale Vergadering, en agb S Ndhlovu, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Finansies, Nasionale Raad van Provinsies.